

Gereformeerde Kerk Bellville – 1 April 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 40:2, 5 (p. 204)

- 2 'n Nuwe lied ruis oor my lippe nou, / 'n Lofsang Gode toegesing.
'n Ganse skaar wat my omring, sal 't sien en vrees en op die HEER vertrou.
O soete Godsbetroue! / Welsalig en behoue/ wie wegvlug derwaarts heen,
op leuenaars nie ag, / van trotsaards niks verwag, / maar steun op God alleen!

- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 93:1, 4 (p. 470)

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlijkheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Skrifberyming 5-2:8, 9 (Sb 7)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;
en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,
omdat sy siel in lydensedood / vol uitgestort is in die dood,
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

Skriflesing: Johannes 20:1-10

Kernverse: Johannes 20:6-9

**Toe kom Simon Petrus agter hom aan en gaan in die graf en sien die
doeke lê; en die doek wat op sy hoof was, sien hy nie by die doeke lê
nie, maar opgerol op een plek afsonderlik. Daarop het ook die ander
dissipel wat eerste by die graf gekom het, ingegaan, en hy het gesien**

en geglo. Want hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan nie. (Johannes 20:6-9 AFR53)

Tema: Gelooft wat begryp

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vanoggend bring die Heilige Gees ons by die hart van die Christelike geloof – die opstanding van ons Here Jesus Christus. Ons geloof in Christus is van die opstanding van Jesus uit die dood afhanklik. In 1 Korintiërs 15 skryf Paulus hoe krities belangrik die feit van Christus se opstanding uit die dood is. As Christus nie opgewek is nie, is daar geen sin daarin om die evangelie te verkondig nie. Indien Christus nie opgewek is nie, is ons geloof nutteloos en is ons nog in die greep van die sondes. As Christus nie opgewek is en lewe nie, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

Die waarheid van Christus se woorde wat ons die afgelope Vrydag gehoor het – **Dit is volbring!** – word juis in die feit van sy opstanding uit die dood bevestig. En die opstanding is 'n feit wat vasstaan. In ons Skrifgedeelte wys die Heilige Gees daarop dat die feit van die opstanding vasstaan.

Broers, susters en kinders, baie vroeg toe dit nog donker was op daardie eerste dag van die week het Maria Magdalena uitgegaan na die graf toe waar Josef en Nikodemus Jesus die Vrydagmiddag laat begrawe het. Sy was nie alleen nie. By Matteus, Markus en Lukas hoor ons dat daar nog ander vroue saam met haar was. Uit haar eie woorde aan die dissipels hoor ons ook dat sy nie alleen was nie, want sy het gesê *ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie*. Johannes noem haar in besonder omdat sy teruggehardloop het om vir die dissipels te vertel dat die graf oop was.

Toe Maria Magdalena saam met die ander vroue uit is na die graf toe, het hulle geensins aan Jesus se eie woorde gedink dat Hy na drie dae opgewek sal word nie. Markus vertel dat hulle speserye gaan koop het om Jesus se liggaam te salf, aangesien hulle nie die Vrydagmiddag geleentheid gehad het om dit te doen nie.

Niemand van die vroue het verwag om 'n lewende Jesus teë te kom nie. Daarom het hulle geskrik toe hulle sien dat die steen van die graf weggeneem was. Die eerste gedagte wat by Maria Magdalena gekom het, is dat iemand die Here uit die graf weggeneem het. Blykbaar was grafrowery in daardie tyd aan die orde van die dag en dit was so erg dat keiser Claudius 'n wet teen grafrowery moes uitvaardig.

Op hierdie berig van Maria Magdalena is Petrus en Johannes dadelik weg na die graf toe. Petrus en Johannes het saam na die graf gehardloop, want miskien kan hulle nog iets kry om hulle op die spoor te sit van wie ook al die graf oopgemaak het. Johannes was voor Petrus by die graf, seker omdat hy jonger as Petrus was. Toe Johannes by die graf kom, het hy nie in die graf ingegaan nie. Hy het net gebuk om in die graf in te kyk. En werklik die graf is leeg, want hy sien net die doeke daar lê. Kort daarna het Petrus by die graf aangekom en, eie aan sy geaardheid, het hy dadelik in die graf ingegaan. Hy moes tot dieselfde slotsom kom – die graf is regtig leeg.

Maar hoe kan dit wees? Johannes was die enigste van die dissipels wat saam met die vroue op Golgota was toe Jesus gesterf het. Daarom weet Johannes verseker dat Josef en Nikodemus vir Jesus in hierdie graf kom neerlê het. Die vroue het dit ook bevestig, want hulle het gesien waar Josef en Nikodemus vir Jesus begrawe het. Alhoewel Josef deel was van die Joodse Raad, was hy heimlik 'n volgeling van Jesus. Hy was in die

geheim 'n dissipel van Jesus uit vrees vir die Jode. Maar toe Jesus gesterf het, het hy die moed gehad om vir Pontius Pilatus te gaan vra om Jesus te begrawe. En Pilatus het dit toegelaat.

Dit was heeltemal uitsonderlik dat Pilatus dit toegelaat het. Gekruisigde misdadigers is aan die kruise gelos totdat hulle gesterf het. Baie maal is die gestorwe misdadiger aan die kruis gelos en die roofvoëls het die vleis gevreet. Die Romeine het dit as 'n afskrikmiddel gebruik vir misdade teen die staat. Ander kere is die liggame afgehaal en weggegooi waar al die vuilgoed van die stad gegooi is. Maar in Jesus se geval het Pilatus toegelaat dat Hy begrawe kan word.

Sonder dat Pilatus gedwing was om toe te gee aan die versoek, het hy eintlik nie 'n keuse gehad nie. Jesus se begrafnis was eeue gelede al deur die profete geprofeteer. Jesaja het daarvan geskryf in Jesaja 53 en in Psalm 16 het Dawid ook geprofeteer dat die Heilige Kneg van God begrawe sal word. Hy sal wel nie lank in die graf bly nie – want die Here laat sy Kneg nie verderwing sien nie – maar Hy sal beslis begrawe word. Daardie besluit van God is ten uitvoer gebring. Jesus is begrawe omdat Hy regtig gesterf het. God se geregtigheid en waarheid het geëis dat daar nie op 'n ander manier as met die dood vir die sondeskuld betaal kan word nie.

In hierdie stadium was die leë graf net so onverklaarbaar vir Petrus en Johannes as wat dit vir Maria Magdalena was. Vir ons is dit nie meer onverklaarbaar nie, want ons het die hele geopenbaarde Skrif. Die graf was leeg omdat God sy Seun Christus uit die dood opgewek het.

Jesus was begrawe in die graf van een van sy dissipels. Hy het nie 'n graf van sy eie nodig gehad nie, want Hy sou nie so lank daarvan gebruik moes maak nie. Hy het ten minste drie keer self vir sy dissipels gesê dat Hy na drie dae uit die dood opgewek sal word. Maar Hy moes begrawe word sodat elke gelowige die versekering kan hê dat Jesus werklik gesterf het en so aan God se geregtigheid voldoen het.

Die mensdom se ellende het destyds nog in 'n tuin begin en die ellende het vir die gelowiges in 'n tuin tot 'n einde gekom. Ons ellende het in die tuin van Eden begin toe ons in Adam in die sonde geval het. Gelowiges se ellende het tot 'n einde gekom toe Christus opgewek is uit die dood in die tuin waar hierdie graf was. Deur Christus se opstanding is die graf vir die gelowige nie die eindpunt nie, maar 'n pose in die bestaan van sy liggaam. Christus het die graf oopgebreek sodat daar nie meer 'n vrees vir die graf hoef te wees nie. Petrus en Johannes het gesien die graf was leeg. En hulle is twee geloofwaardige getuies van ons Here Jesus Christus.

Die tweede bewys van Christus se opstanding uit die dood waarvan Petrus en Johannes getuig het, is die doeke wat daar in die graf gelê het op die plek waar Jesus se liggaam neergelê was. Dit is die doeke waarmee Josef en Nikodemus nog Jesus se liggaam met 'n mengsel van mirre en aalwyn in toegedraai het. In daardie tyd het hulle nie van kiste gebruik gemaak soos wat ons vandag doen om iemand te begrawe nie.

Die Heilige Gees het Johannes gelei om drie verskillende Griekse woorde te gebruik wat ons elke keer in vers 5, 6 en 8 met *sien* vertaal. Daar is egter 'n verskil tussen hierdie drie woorde wat ons met *sien* vertaal. Toe Johannes by die graf gekom het, het hy gebuk en die doeke sien lê. As Johannes die doeke sien, *gewaar hy maar net* die doeke en kom tot die gevolgtrekking dat die graf werklik leeg is.

Toe Petrus in die graf ingegaan het, het hy het ook die doeke daar sien lê. Wanneer hy dit sien, *kyk hy stip en met groot aandag* na die doeke. Wat hy daar gesien het was heeltemal ongewoon. Die doeke wat om Jesus se liggaam gedraai was, lê daar. Maar iets was heeltemal buitengewoon. Die doek wat op Jesus se hoof was, het nie by die ander doeke gelê nie. Dit was afsonderlik opgerol en het eenkant gelê.

Petrus en Johannes het nog nie geweet dat Jesus uit die dood opgewek is nie. Hulle sien 'n leë graf en die doeke daar lê. Maar wat nog meer raaiselagtig is, is dat die doek wat om Jesus se hoof was eenkant opgevou lê. Hulle weet nog nie wat gebeur het nie, maar hulle weet verseker dat hier nie grafrowers was nie. As dit grafrowers was, sou die doeke nie so netjies daar gelê het nie. Dit sou rondgestrooi in die graf gelê het, want die rowers sou die liggaam so gou as moontlik uit die doeke wou kry. Niks sou netjies opgevou wees nie. En as dit iemand was wat eenvoudig net die liggaam van die Here kom vat het, sou hulle dit waarskynlik net so toegedraai in die doeke gevat het. Dan sou daar niks in die graf gewees het nie, nie eers die doeke nie.

Dit wat Petrus en Johannes in die leë graf gesien het, het nie gesprek van geweld en haastigheid nie. Hulle sien 'n toneel wat spreek van kalmte en netheid. Die toneel voor hulle is eerder teken van die Here Jesus se eie handwerk. Wat 'n kragtige getuienis is hierdie doeke en die leë graf nie van die opstanding van ons Here Jesus Christus nie.

Vandag is ons Here Jesus aan die regterhand van sy Vader. Hy dra nie meer grafdoeke nie, maar Hy het 'n kleed aan wat tot op die voete hang, met 'n goue gordel om sy bors. Om sy hoof is nie 'n doek gedraai nie, maar Hy dra 'n koninklike kroon. Hy is nie meer in 'n bedompi-ge graf nie, maar woon in die hemel by sy Vader waar dit paradys is.

Nadat Petrus in die graf ingegaan het, het Johannes ook ingegaan. En Hy het ook die doeke *gesien en hy het geglo*. Hy het geglo dat Jesus uit die dood opgewek is. Hy het nog nie alles heeltemal verstaan nie. Maar hy het geglo dat Jesus lewe. Die leë graf en die doeke wat daar lê met die opgevoude hoofdoek het hom oortuig om te glo.

Johannes het gesien en geglo. Later in hierdie selfde hoofstuk sê Jesus vir Tomas dat die mense wat glo sonder dat hulle gesien het, geseënd is. Hulle wat glo, is geseënd. Hulle wat nie in die opgestane Jesus Christus glo nie, staan onder die oordeel. Ons kan glo dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, want die Here het twee betroubare getuies gegee – Petrus en Johannes. Die waarheid staan in die mond van twee of meer getuies vas. En daar is beslis meer as net twee getuies van Jesus se opstanding. In 1 Korintiërs 15 gee Paulus 'n lang lys van ooggetuies van die opstanding van Jesus.

Met die leë graf en leë doeke het die Here sy twee dissipels gebring tot geloof wat begryp dat Jesus opgestaan het. Maar hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dood moes opstaan nie. Die Skrif waarvan Johannes hier praat, is die Ou Testament. In die Ou Testament word nie net van die lyding van die Kneg van Here gepraat nie, maar ook van sy opstanding uit die dood. In Jesaja 53 hoor ons dit duidelik:

As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. (Jesaja 53:10-11 AFR83)

Die Here kon nie dood bly nie. Maar waarom moes Jesus uit die dood opstaan? In die Skrif word ons geleer dat die sonde die dood meebring. Jesus Christus het hierdie straf in die plek van die uitverkorenes gedra. Hy het die skuld wat hulle gehad het ten volle in hulle plek betaal. Daarom het Jesus nog aan die kruis gesê: **Dit is volbring!** Daarom kon die

bande van die dood Jesus nie langer vashou as wat God self bepaal het nie. Die dood moes Jesus prysgee. Jesus se opstanding uit die dood was onvermydelik net soos wat die geboorte van 'n kind aan die einde van die swangerskapyd onvermydelik is.

Hierin toon die Heilige Gees vir ons die verskil tussen tekens en die Skrif. Die tekens van 'n leë graf en die grafdoeke het Johannes gelei om te glo dat Jesus opgestaan het uit die dood en lewe. Maar dit is uiteindelik die Skrif wat die oortuiging bring en die vaste geloof dat Jesus werklik moes opstaan. In die opstanding van Christus kry die gelowige werklik die versekering dat Christus inderdaad die volle prys vir sy lewe betaal het. Daarom hoef hy hom nie meer te kwel oor hoe hy verlos sal word nie. Hy is reeds verlos en hy kan nou sy ganse lewe toewy aan die Here as 'n dankoffer vir hierdie verlossing wat hy ook ontvang het.

Ons het nie meer 'n leë graf om na te gaan kyk nie. Ja, as jy in Jerusalem kom, sal verskillende-toergidse jou na verskillende grafte toe neem en sê dit was die graf van Jesus, maar niemand weet meer watter graf regtig syne was nie. Daar is nie meer 'n grafdoek wat on-gestoord in 'n graf lê nie. Ja, daar is die sogenaamde Turynse kleed wat mense beweer die grafdoek van Jesus was, maar niemand kan met sekerheid sê dat dit wel sy grafdoek was nie. Maar ons het die Woord van die Here. En in hierdie Woord betuig die Here self dat Jesus Christus waarlik uit die dood opgestaan het. En ons kan die Here onvoorwaardelik glo, want Hy sê self dat Hy die waarheid is.

Aangesien ons die Woord het, het ons niks meer nodig nie. Ons kan ons hoop, vertrou en kennis op hierdie betroubare Woord van God vestig. Op hierdie Woord kan ons ons geloof bou en vestig. In hierdie Woord leer ons dat ons belydenis die waarheid is. Jesus Christus het die volle prys vir mense se sondes betaal, daarom het Hy uit die dood opgestaan. Hierdie belydenis gee aan ons hoop, vreugde en rigting in die lewe. Ons Here leef en Hy sal terug-kom om almal wat aan Hom behoort by Hom te neem. En op daardie dag sal elke oog Hom sien – dié wat nou glo en dié wat Hom deurboor het.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 April 2018